

Kernkrag bo kermkrag, sê groene



Groensake
Francois Williams

Groen is die kleur van die eeu.

Vrese oor klimaatsverandering maak van maatskappye wat nie normaalweg met die groenbeweging geassosieer word nie, nou ywerige veldtogvoerders vir omgewingsvriendelike maniere van sake doen of vir hernieubare energie.

Waagkapitaalmaatskappye wat 'n dekade gelede in die potensiele sterre van die IT-bloeytyd belê het, herposisioneer hul nou as beleggers in die innoveerders van skoon en groen energieoplossings.

Die emosioneelste en vurigste gevegte in die groen beweging is teen kernkrag. Dit is dus amusant dat dr. Patrick Moore, wat in die 1970's as Greenpeace-aktivis teen kernbomtoetse, walvisjag en ander omgewingseuwels gestry het, verlede week deur die Kernbedryfvereniging van Suid-Afrika (Niasa) vir 'n reeks praatjies ontvang is.

Dit was ooglopend om die openbare mening in Suid-Afrika 'n bietjie meer pro-kernkrag te swaai. Daar is 'n reeks openbare-deelnameprosesse aan die gang om persele vir nuwe kernkragstasies te identifiseer.

Dit is in die kernkragbedryf se belang om die publiek aan sy kant te kry.

Moore word op Greenpeace se webblad aangehaal dat hy in 1976 gesê het kernkragstasies is saam met kernplofkoppe die gevaarlikste goed wat die mens nog geskep het. "Hul konstruksie en uitbreiding is die onverantwoordelikste, trouens die misdadigste, ding wat nog op dié planeet gedoen is," was die woorde van die man wat verlede week gesê het kernkrag is die oplossing vir die bereiking van kweekhuiskas-teikens en vir Suid-Afrika se

kragprobleme.

Moore is bemark as medestigter van Greenpeace, maar die week was skaars uit of Greenpeace reik 'n verklaring uit waarin hy Suid-Afrikaners waarsku om Moore se pro-kernkrag-evangelie te ignoreer, want hy is net 'n hoogs betaalde spreker in die holte van die kragtige kernkrag-drukgroep se hand. Greenpeace sê dis onwaar as Moore beweër hy was een van die organisasie se stigters. (Daar is glo 'n grapple dat die kans goed is dat jy in enige kroeg in Vancouver, Kanada, langs 'n medestigter van Greenpeace kan sit.)

Die punt is Moore was wel 'n hippie wat op Greenpeace se Rainbow Warrior saamgery en robwelpies van 'n bloedbad gered het en hy was aanvanklik ook teen kernkrag gekant.

Teen die middel 1980's het hy stry gekry met van sy eertydse mede-aktiviste omdat hulle volgens hom nie wetenskaplik en logiese argumente gehad het vir hul besluit om byvoorbeeld 'n wêreldwye veldtog teen chloor te begin nie. Hy het hom tot kernkrag bekeer en Niasa het hom betaal om Suid-Afrikaners te kom vertel dat kernkrag nie sleg is nie, maar veilig en die kans bied om minder kweekhuiskasgasse vry te stel. Net jammer dit vat so lank en weens die Eskom-debakeel is ons reeds vyf tot sewe jaar agter.

Aan die ander kant glo Greenpeace kweekhuiskasgasse kan teen 2050 met die helfte verminder word sonder die hulp van kernkrag bloot deur energiedoeltreffendheid en deur hernieubare energie in te span.

In Moore se energievisie vir die toekoms lewer kernkrag die basis-krag vir nywerhede; bio-brandstof word gebruik vir skepe, treine, vragmotors, busse en vliegtuie; private passasiersmotors is inprop-hibriedmotors wat snags gelaai word; en steenkool word gespaar vir nywerhede wat geen alternatiewe tegnologie het nie.

Hy verdedig kernkrag se veiligheidsrekord deur hom tot die Weste te beperk: geen kernongeluk nog in die Weste waarin 'n lid van die publiek beseer is nie, nog



Betogers dra kamma-gasmaskers tydens 'n stil betoging voor die Bulgaarse ambassade in Boekarest, Roemenië. Hulle betoog teen die oprigting van 'n kernkragaanleg in Belene, Bulgarye.

Foto: MIHAI BARBU, REUTERS



Dr. Patrick Moore, voormalige aktivis van Greenpeace.

Foto: ALAN MURDOCH

geen sterfte van 'n werker in die Weste by 'n kernreaktor nie, minder kanker onder kernkrag-

werknemers in die Weste as by ander mense.

Moore sê kernafval moenie "afval" genoem word nie. Frankryk verwerk al vir 30 jaar sy gebruikte kernbrandstof en verminder sodoende die volume werklike afval aansienlik, asook die leeftyd wat dit radioaktief bly. Moore ontkoppel die band tussen kernkrag en kernwapens sô: jy het nie 'n kernkragstasie nodig om kernwapens te kan maak nie, so hoekom op kernkrag pik?; sal die kernwapen-generaals hul kernmateriaal opgee as al 440 kernkragstasies in die wêreld hul deure sluit?

Hy sê 50% van die VSA se kernkragstasies gebruik uraan wat van afgetakelde Russiese kernplofkoppe kom.

Volgens Moore skuif omgewingsgroepe stilweg hul visier

weg van kernkrag na steenkool weens die besoedeling en kweekhuiskasgasse. Daar is selfs al 'n groep genaamd Environmentalists for Nuclear Energy wat 9 000 lede het.

Die spoed waarmee klimaatsverandering skielik teen die prioriteitslys van regerings wêreldwyd opgeskuif het, is volgens Moore die hoofrede waarom kernkrag herleef.

Dan sê hy die bewerings oor die duur aftakelingskoste van kernkragstasies is oordrewe en onwaar. Volgens hom word aftakelingskoste ingereken by kernkragprojekte.

Moore styg vinnig op my gewildheidslys wanneer hy sê 'n kombinasie van kernkrag en hernieubare energie is nodig. Al kraak hy wind- en sonkrag so effe af weens die koste en wispel-

turigheid van die weer en omdat dit nie swaar nywerhede dag en nag van krag kan voorsien nie, sien hy ten minste 'n rol vir dié tegnologieë om die afhanklikheid van steenkoolkrag te verminder.

Dit is 'n meer verligte benadering as sommige kommentators wat beweër voorstanders van hernieubare energie is "emosionele leke".

Die Franse kernkragbaas mnr. Paul Gadonneix, voorsitter van EDF, het ook onlangs gesê kernkrag is "nié die enigste oplossing" vir die wêreld se energie-uitdagings nie.

Miskien is Moore se besoek die begin van 'n oop en nugtere debat oor 'n energietoekoms vir Suid-Afrika wat goed is vir die ekonomie asook vir die aarde waarop ons woon.